# DIE VOORUITSIG VIR RHODES UNIVERSITEIT VIR 1979

Rhodes Universiteit gaan nog 'n Nuwe Jaar tegemoet, versterk en bemoedig deur die gebeure en behalings wat agter ons lê. Ons het so pas, byvoorbeeld, 'n eeu van tertiêre opvoeding in Grahamstad herdenk. Dit was eers in 1904 dat die baanbrekende Kollege-afdeling van St Andrew's plek gemaak het vir die nuwe Rhodes-Universiteitskollege. In September 1979 sal ons die 75ste herdenking van daardie gebeurtenis vier met 'n week van feestelikhede, insluitende 'n spesiale gradeplegtigheid, lesings, vertonings en musiek- en drama-uitvoerings.

Huidige omstandighede dui nie op moedige en opwindende nuwe ondernemings nie, maar eerder op 'n tydperk van konsolidasie. Geldelike vooruitsigte dra gelukkig die belofte van 'n minder gestremde bestaan, terwyl die akademiese personeel die vooruitsig het van verhoogde salarisskale. Daar is aanduidings dat ons omtrent dieselfde aantal eerstejaar-studente sal verwelkom, tussen 800 en 850, maar dat meer studente as ooit sal aanbly vir vakkundige na-graadse diplomas of 'n hoër graad. Ons verwag ook 'n verdere toename in ons Swart en Bruin studente inskrywing, ~~tans ongeveer vyftig~~.

'n Mees bemoedigende tendens, wat ~~sekerlik in die Nuwe Jaa sal voortgaan~~, is die besielende toename in uitwendige steun vir ons uitgebreide navorsings-bedrywighede. Besondere melding moet gemaak word van [illegible]s Instituut vir Maatskaplike en Ekonomiese Navorsing wat sy program van Ontwikkeling-studie sal loods en as gasheer sal [illegible]ee vir die nuutingelyfde

Biblioteek van Inheemse Musiek, ~~onder die bekwame bestuur van Mnr Andrew Tracey~~. Daar is ook opwindende nuwe ontwikkeling te wagte op die gebied van Mikrobiologie, Geologie, en die bestudering van Engels as tweede taal. Ons vertrou ook dat die komende besoek aan Rhodes van Hoofminister Sebe sal lei tot meer geleenthede vir voordelige toegepaste navorsing in die Ciskei.

Studente heg duidelik meer belang as in die verlede aan hul geleenthede vir studie en leierskap-ontwikkeling. Ons kan dus met vertroue vooruitsien na 1979 as 'n jaar van werklike behaling in onderrig, navorsing, en in al die geleenthede vir maatskaplike lewe en persoonlike ontwikkeling wat 'n universiteit tot iets veel groter maak as net 'n fabriek vir kennis.

/sp